Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

21 Augustus 2024
OB 30

Beste Ouers

Montie Mall: Baie dankie aan elke ouer en Montie wat so uitstekend gewoeker het met die Montie-Mall verkope. Ons het ons mikpunt ver verbygegaan en net meer as R165 000 se produkte verkoop. Hierdie is 'n nuwe rekord – baie geluk aan elkeen wat so hard gewerk het. Die personeel het beloftes gemaak teenoor hul klasse, indien sekere mylpale behaal word. Vrydag gaan na verwagting baie interessant wees wanneer hierdie beloftes uitgevoer word. Deur die week het ons al 'n paar goeie oomblikke beleef.

Die kwartaal vorder teen 'n tempo. Die Gr. 4-7 leerders doen in die meeste vakke 'n projek in die derde kwartaal. Help asb. dat alle benodighede by die skool is. Die leerders doen in baie gevalle groepwerk en indien benodighede nie by die skool is nie, word die hele groep teruggehou.

Ons het hierdie week twee dae wat die kore optree. Maandag het die kore in Riversdal aan die Ratem Eisteddfod deelgeneem. Die kore het pragtig gesing. Die volgende uitslae is behaal: Junior Koor 84% en die Senior Koor 95%. Die Senior Koor is ook as die wenners van die aand aangekondig. Baie geluk aan die koorlede, die koorleidsters en ons begeleier. Dankie aan die ouers wat ons ondersteun het en ook gehelp het met vervoer.
Vanaand tree ons kore op saam met die Rhodes University Chamber Choir en die Zolani Youth Choir. Ons sien baie uit na hierdie besondere geleentheid. Enige persoon is welkom om die aand by te woon. Toegang is gratis, maar ons gaan 'n donasiehouer gereedhou waarin besoekers bydraes kan plaas om hul koste te help delg. U kan vanaf 17:30 plaasneem en die vertoning begin om 18:00.

Ons laaste ligawedstryde vind eerskomende Donderdag plaas. Ons het dan nog 'n laaste deelname aan Laerskool Ashton se Pikkie Sportdag vir o. 7 – o. 9 spelers. Die o. 13 spelers sien uit na die naweek, wanneer ons vroeg al Kaapstad toe vertrek om later die dag die wedstryd tussen die Stormers en die Sharks by die Kaapstad stadion by te woon. Almal sien ook uit na hierdie lekker uitstappie.

Sterkte vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Spanwerk
BrainBuddy:
Ou Koei: " Jy het die vermoëns om effektief en entoesiasties in 'n groep te werk."

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 21 Aug	Jnr & Snr Koor optrede saam met *Zolani Youth Choir* en *Rhodes University Chamber Choir* Hokkie-oefening vind plaas
Donderdag, 22 Aug	Wakkerstroom-Wes: o. 10A tot o. 13A netbal en rugby (tuis)
Vrydag, 23 Aug	Entrepreneurs: Ope
Saterdag, 24 Aug	Besoek Kaapstad Stadion: o. 13 netbal, hokkie, rugbyafsluiting
Dinsdag, 27 Aug	Foto's: Somersport & spesiale foto's
Woensdag, 28 Aug	Hokkie-afsluiting teen ouers
Donderdag, 29 Aug	7's Rugby o.13 (Laerskool Robertson) HS Montagu Koorfees Wintersport laaste oefeninge
Vrydag, 30 Aug	Entrepreneurs: Prefekte GF boeke huis toe
Saterdag, 31 Aug	Ashton Pikkiedag (Rugby en netball: o. 7 – o. 9)

KULTUUR: KORE

Op 19 Augustus 2024 het Laerskool Montagu se Junior- en Seniorkoor die langpad aangedurf om deel te neem by Ratem Eisteddfod te Riversdal. Die lang pad was definitief die moeite werd, want beide kore het uitstekend gevaar.

Juniorkoor behaal 84% vir hul vertoning in hul afdeling en die Seniorkoor is die algehele wenners van hul groep met 'n uitmuntende 95%.

Baie dankie aan al die betrokkenes vir die dag, maar veral aan die koorsangers wat die eer moet kry!

GIMNASTIEK

Laerskool Montagu se gimnaste het deelgeneem aan die *Western Cape Championship* by Eversdal se gimnastiek klub in Brackenfell. Baie geluk aan die volgende leerders met hulle puik uitslae:

Gemma Cole (Ouderdom 11-12)
Black Top level 3: Goud
Double Mini level 2: Brons
Tuimel level 4: Kwalifiseer vir die Wes-Kaap span (Deelname aan Suid-Afrikaanse Kampioenskap)

Mia Vorster (Ouderdom 11-12)
Black Top Level 3: Silwer
Double Mini Level 2: Goud
Tuimel level 4: Kwalifiseer vir die Wes-Kaap span (Deelname aan Suid-Afrikaanse Kampioenskap)

Monya van der Merwe (Ouderdom 10-11)
Black Top Level 1: Silwer
Double Mini: Brons

Nanika Van Der Walt (Ouderdom 8-9)
Mini Tramp Level 1: Goud
Tuimel Level 1: Brons

Ons is veral baie trots op Mia Vorster en Gemma Cole wat gekies is om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in September.

UITSLAE: SPORT VS LS HUGO RUST (14 AUG 2024)

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13 seuns	Verloor	Thys Venter
o. 13 dogters	Verloor	Olivia Alston

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A	Verloor (4-17)	Hele span

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A	Wen (15-14)	Jenö Jacobs, Wian Joubert

UITSLAE: SPORT VS LS ASHTON (13 AUG 2024)

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	3-0	Lena Bussell
o. 8A	2-5	Kierah Carolus
o. 9A	9-5	Khleo Sauls
o. 10A	11-3	Chenia Plaatjies
o. 11A	14-0	Megan Prinsloo
o. 12A	15-2	Cari Conradie, Navaeh Bratt
o. 13A	10-5	Kachen Kiewiets

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	35-15	Hugo du Plessis, Ben Joubert, Thyro Lekay, Noah Booysen
o. 8A	0-20	Josua Jonkers
o. 9A	5-0	Hele span
o. 11A	40-0	Hele span
o. 13A	36-26	Jenö Jacobs, Ross Moses, Ruben van Niekerk, Wian Joubert, Christiaan van Eeden

Spanne teen Wakkerstroom-Wes, Donderdag, 22 Augustus (tuis)

Netbal: o. 10A, o. 11A, o. 12A, o. 13A

Rugby: o. 11A, o. 13A

MONTIE-MALL

Ons het Vrydag, 16 Augustus die wenners van ons Montie-Mall fondsinsamelingprojek aangekondig en hulle pryse uitgedeel. Die leerders het saam R165 976 se produkte verkoop en het daarmee verseker dat Mnr. Krüger 'n Stormers trui moes aantrek!

Ons is trots op elke Montie, hulle ouers, familie en vriende vir die wonderlike ondersteuning van hierdie projek – baie dankie!

Dankie ook aan elke opvoeder wat hulle klas so mooi gemotiveer het, dit word waardeer. Baie geluk aan Graad 1 Kloppers en Graad 7 Olivier wat wen-uitstappies gaan geniet!

Baie geluk aan ons top familie verkopers wat hulle bestellings deel tussen boeties en sussies:

- Daniël en Elma Gous
- Liné en Christiaan van Eeden
- Erik en Olivia Harms
- Mari en Hugo du Plessis
- Ellie, Suna en Lena Bussell

Baie geluk aan ons individuele wenners en top verkopers:

- **Eerste plek:** Mia Vorster
- **Tweede Plek:** Mari du Plessis
- **Derde plek:** Ivanah Pekeur

SPORTFOTO'S

Op Dinsdag, 27 Augustus, word die somersportfoto's, sowel as die spesiale foto's soos Boland, Wes-Kaap ens. geneem. Leerders kom dus met hul somersportklere skool toe. Indien hulle dus in enige sport verder presteer het, moet hulle daardie klere ook inpak. Hierdie sluit buite-skool deelname soos bv. gimnastiek en karate in. Die spesiale foto's is vir somer-, sowel as wintersporte.

Indien jy nie seker is of jy daardie spesifieke klere moet inpak nie, bring dit saam. Leerders wat nie die regte klere aanhet nie, sal ongelukkig nie afgeneem word nie.

LOSLIT DAG 2024

KAARTJIES BESKIKBAAR BY KANTOOR